

**GEDIG VOORDRAG KOMPETISIE.**
**2026**

NUKLEUS
KULTUUR

# GRAAD 8 GEDIGTE:

## DIE MOT EN DIE KERS

Die ander motte is dom en dwaas,
Maar ek sal vér van die kers af bly;
Hier vér uit die skemerte sal ek kyk,
Hier vér is dit veilig en kyk is vry.

Maar ek hoef nie van éénkant net te kyk –
Ek vlieg op dieselfde afstand om,
Dan weet ek van álkant af hoe hy lyk,
Om beter te sorg om nie nader te kom.

My sirkel was skeef en ingebuig,
Maar dáár ook nog, waar ek naaste was,
Het niks gebeur – ek maak verniet
My veiling so groot en so vér van die as.

Die wieletjie draai ál vinniger om,
En die lig en die gloed word ál groter genot;
En die veilings word nouer ál rondom die as –
En die end van die wiel is die as van die mot.

*deur C.J. Langenhoven*





## ’n SPROKIE

Ek ken ’n mooi klein sprokie,
wat so na waarheid klink –
dis dat die tortel altyd
sy water troewel drink.

Kom hy by helder plassies,
dan sal hy dinkend neig
as eers, na sagte roering,
die modderwolkies styg.

Dáárom sing hy so droewig
van donker voël-leed;
Dáárom tooi hy hom stemmig
met dowwe verekleed.

So is daar somber siele
waar hy my aan laat dink,
wat, soos die tortel, troewel
die lewenswater drink.

Vir alle lewensliefheid,
vir vreugdesang bevrees,
drink hulle geen genoëns
of dié moet troewel wees.

*deur Totius*





## MAAR EEN SUID-AFRIKA

Gee my 'n roer in my regterhand,
Gee my 'n bok wat vlug oor 'n rand –
En 'n flukse perd om hom weg te dra:
Gee my Suid-Afrika.

Gee my 'n kamp waar bossies groei,
Gee my 'n fraai volstruis wat broei –
En 'n Boerseun wat baie wa:
Gee my Suid-Afrika.

Gee my 'n koppie om op te staan,
Gee my die Swartland met al sy graan –
En nooit of te nimmer hoor jy my kla:
Gee my Suid-Afrika.

Gee my 'n vlakte ruim en wyd,
Gee my die veld se oneindigheid –
En die lekker geur wat die lug daar dra:
Gee my Suid-Afrika.

*Uit: Gedigte – A.D. Keet*





NUKLEUS
KULTUUR

## BESOEKER

Uit die TV-skerm het hy uitgespring,
’n Marsman,
of in elk geval bewoner van ’n ander planeet
nou op huisbesoek by ons.

Sy aksent is – wel, Marsiaans,
maar tog met verstellings in ons ore
heel verstaanbaar.

Ons het uit wans uit besluit:
as hy wil bly, moet hy
by ons roetines en kodes inval
waarmee hy (skynbaar) akkoord gaan.

Hy is sku
vir familietwiste;
hy ry graag fiets
en treiter honde en kanaries;
sy geografiese kennis is indrukwekkend,
veral van berge, rivierkronkels, woestyne;
maar eers moet jy van hom weghou,
spinnekoppe en seilende goed,
terwyl babas hom verleë maak.

Soms in die middel van die nag
hoor ons hom skater
(of is dit sý soort huil?)

Dalk het hy ’n ekstra kombers nodig,
ten minste ’n bedmaat.

*deur Ernst van Heerden*